Noordelike Nguni Klub

**NEWSLETTER, NUUSBRIEF – MAY 2012**

Beste lid,

Die winter is beslis al amper hier. Dit lyk darem of ons nog hier en daar reën kry. Ek is nie seker of daar genoeg sonskyn oor is na die reën nie. Mei is sekerlik die speentydperk vir meeste boere. Sien in die nuusbrief 'n artikel vir speen praktyke. Sterkte vir die maand!

## LEDE NUUS, MEMBER NEWS

We would like to welcome the following new members to the NNK:

- **Henry Flint – Pretoria, ShakaZulu Ngunis**;
- **Christiaan Toerien, Kudusdrift Ngunis**;

Note that the Northern Nguni Club welcomes both Stud and Commercial Nguni Farmers to join the club. It is important to pay your membership fees – the membership fees are: R150 for registration and R400 annually. Please send any enquiries or changes in existing contact details to n.nguni.club@gmail.com or contact Theo van Heerden at 082 8737399. Follow the section on training to view where old and new members can get educated in this year. New members should consider buying the Nguni CD from the Nguni Cattle Breeders Society:

**Nguni CD for sale for R50 and contains the followoing:**

1. Ekotipes
2. Description
3. Tegnies en admin
4. Kodes vir afkeurredes / Codes for rejection reasons
   Disqualifications of Nguni cattle (Schedule B)
   Semen and embryo donors
   Skedule G2 – Veilings onder die beskerming van die Genootskap / Requirements for sales held under the auspices of the Society

## NGUNIBEESTELERS GENOOTSKAP, NGUNI CATTLE BREEDERS SOCIETY

Die lede word uitgenooi om deel te neem aan die werkswinkel oor die **Alternatiewe Nguni Register** wat 29 Mei 2012 om 14h00 te SA Stamboek (Henry straat 118, Bloemfontein) gehou gaan word. Indien u dit nie kan bywoon nie, kan u insette aan Ray Keeny stuur wat hy sal voorlê by die werkswinkel. Kontak ook vir Ray indien u enige inligting benodig. Sien ook aangeheg voorlopige notas vir die vergadering.

Daar was 'n interessante brief in die Landbou weekblad se uitgawe van 20 April 2012, bladsy 8. Die brief haal die aangehegde joernaal artikel aan. Het u geweet u kan die Nguni Joernaal artikels vanaf die Nguni Genootskap se webblad aflaai? Gaan kyk bietjie by - http://www.ngunicattle.info/News-Journals.htm. Die vorige jare se artikels is ook elektronies beskikbaar.

Enige Nguni navrae kan gerig word aan Yolanda Venter - (051)4487303/2, Yolanda@ngunicattle.info.
Volg ook die genootskap op Facebook - http://www.facebook.com/pages/Nguni-Cattle-Breeders-Society-of-SA/129115117163061 of op die web tuiste - http://www.ngunicattle.info.

## OPLEIDING, TRAINING

The club is planning training in this quarter. The management team is just finalizing a venue and a weekend which seem to fit the members. We will notify the members once more information is available.

## VEILINGS, AUCTIONS

Sien hieronder 'n paar belangrike veilings onder die beskerming van die genootskap vir die volgende maande:

- **Springbokvlakte Veiling**: 19 May 2012 (Mookgophong, Naboomspruit)
  http://www.ecoauctions.co.za/Auctions.asp

- **Genetics for Africa Internet Auction**: 15 April – 5 May 2012
  http://www.ecoauctions.co.za/Auctions.asp

- **Veldbul Veiling – Mara**: 3 Augustus 2012 (Louis Trichardt)
  Geregistreerde Veldbulle en vroulike geregistreerde en kommersiele Ngunis is beskikbaar op die veiling. Inskrywings vir die Mara Veldbulveiling moet voor einde Julie ingedien word. Kontak vir Andre Bothma by 0824523865 of susanbothma@lantic.net.

- **Noordelike Nguni Klub Veiling**: 3 November 2012 (Bela-Bela, Warmbad)
  Inskrywings vir die NNK Veiling moet ingestuur word voor einde Augustus. Meer inligting sal beskikbaar wees in die volgende nuusbriewe.

Indien daar enige ander veilings is wat u wat van bewus is – stuur asb. die inligting na n.nguni.club@gmail.com.

## KUDDEBESTUUR, ANIMAL HEALTH

Hier volg 'n artikel van Gerrit van Zyl van Hanzyl Bonsmaras. Gerrit se Bonsmara Kudde het die gesogte LNR Beeskudde van die jaar toekenning gekry in 2011. Hy is 'n baie dinamiese boer met goeie praktiese advies. Gerrit skryf artikels in die Landbou Weeklbad en vir Veeplaas. Hier volg sy raad vir "**Lae Spanning Speen Praktyke**":

*Ek verwys na speen is die proses om die kalf van sy ma te skei. Normaalweg gebeur dit by my in die herfs. Dit kan natuurlik baie traumaties wees vir kalf en ma. Die sleutel tot sukses is mimimum "stress". Kalwers wat "stress" hou op eet wat hulle dan baie meer vatbaar maak vir siektes. Tevrede kalwers wat se mage vol is word selde, indien ooit siek. Koeie weer wat "stress" verloor gewig en so ook waardevolle liggaamskondisie, wat krities belangrik is om hulle deur die winter wat op hande is, te kry, met minimum byvoeding natuurlik. Daar is n paar metodes wat n mens kan volg, maar hier op Straussfontein gebruik ons neusringe. Ons glo die metode veroorsaak minder "stress" vir kalf en ma. Ons is van die oortuiging dat daar ook baie minder gesondheids en "stress" verwante probleme is wanneer diere op natuurlike weiding gespeen word teenoor n kraal opset. Die kalwers is ook minder verwilderd op natuurlike weiding as op kraal.*

*Ons sit die neusringe in en dan loop die kalwers nog 14-21 dae daarmee by die koeie voordat ons dit afhaal en die koeie verwyder. Dit is nogal belangrik om die koeie met kalwers na n kamp te skuif vir ten minste 4 dae en voor hierdie aksie en dan die koeie wegneem na 'n volgende kamp verkieslik net anderkant die draad. Gedurende hierdie 4 dae leer die kalwers die kamp en waterpunte ken nog saam met hulle moeders. 'n Goeie heining is dus 'n voorvereiste. Vermy hoeke waarby koeie en kalwers kan opbondel. Hierdie metode verminder die "stress" geweldig. Met die metode speen die kalf eers van die melk behoefte en daarna is dit net die "bond" wat gebreek moet word. Die dag van "seperation" moet n rustige benadering hê. Koeie en kalwers moet toegelaat word om eers hulle vroegoggend ritueeel af te handel waarna hulle na die sorteer krale gebring word. Gaan drink weer 'n koppie koffie sodat die kalwers kan afskeid neem. Dan kan jy hulle net afkeer in hulle verskillende kampe. Indien jou diere nie gereeld mee gewerk word nie kan hierdie n effens moeiliker oefening wees maar onthou om rustig te wees en vermy 'n geskreeu en n gesweepklappery.*

*Indien moontlik kan jy 2-3 ouer droee koeie by die gespeende kalwers los wat 'n klomp rustigheid en leierskap bring. Op hulle eie het pas gespeende kalwers geen idée van leiersskap en/of rigting nie. Omdat kalwers na die kampe gaan wat hulle ken sal dit hulle 'n rukkie neem om agter te kom hulle is sonder ma. Dieselfde geld vir die koeie. Hulle sal ook na n rukkie agterkom hulle kalwers is nie naby nie en sal dan na hulle begin soek. Die een of 2 moedswilige koeie en kalwers wat bly draad kruip kan gekraal word totdat die moeilikheid oor is.*
***Ek dink nie hierdie is die enigste manier om speenskok te beperk nie, maar dit werk die beste in ons spesifieke omstandigdhede.***

*Waarskuwing. Vermy kampe naby openbare paaie vir die eerste paar dae. Dit kan onnodige gevolge he indien daar n draadkruipery is.*

Source – Hanzyl Bulletin, March 2012

**NGUNI CLUBS**

- **Highveld Nguni Club:**
  - **9th Highveld Nguni Club Sale**: This sale was very successful again. The highest price female animal was sold by a member from our club, Dr Hans van de Pypekamp: Cow and calve for R25000. View the picture below. The average price on all 113 animals was R12838.

**ALGEMEEN**

Die Genootskap is besig met 'n bemarkings veldtog deur die Veeplaas tydskrif. Sien aangeheg die epos oor advertensies in Veeplaas. Ons wil graag weet wie lees veeplaas of is ingeskryf op die tydskrif. **Epos my asb terug indien u veeplaas koop.**

**PHOTOS**

View photos below of the various Nguni events held. Please send me any photos of your Ngunis for the Newsletter.

**HIGVELD NGUNI CLUB SALE**

Dr Hans van de Pypekamp with buyer. Cow and calve in front sold for R25000.

**BESTUURSLEDE INLIGTING, MANAGEMENT INFORMATION**

VOORSITTER: Ray Keeny (Rustenburg) – 0824548476
ONDER-VOORSITTER: Braam Dekker (Louis Trichardt) – 0829292358
SEKRETARIS: Theo van Heerden (Pretoria) – 0828737399
FINANSIES: Charlene Forssman (Pretoria) – 0828224568
VEILINGS: Dr. Pierre Bester (Naboomspruit) – 0828930349
PROMOSIES: Magriet van der Walt (Louis Trichardt) – 0829476968
OPLEIDING: Prof. Eddie Green (Pretoria) - 0824530728

Nguni groete,

Theo van Heerden
082 8737399
n.nguni.club@gmail.com
**Sekretaris**
**(Namens die bestuurskomitee)**